# JEUGLES: Wat ons glo

## 1. PRAISE EN WORSHIP – We Believe

## 2. RECAP: Wat ons glo

- Ons het verlede week vir mekaar gesê dat dit BAIE belangrik is dat ons weet wat die fondasie – die belangrikste dinge van ons Christelike geloof is, en het die volgende lysie saamgestel:

  - ***Ek glo:*** Daar is net EEN God ***(Deut 6:4)***
  - ***Ek glo:*** God is Drie Persone in Een: Vader, Seun, Heilige Gees ***(Matt 28:19)***
  - ***Ek glo:*** Elkeen van hierdie 3 persone is volledig God
  - ***Ek glo:*** God is die Skepper van alle dinge op aarde ***(Gen 1:1)***
  - ***Ek glo:*** Daar is net EEN God, NIEMAND anders is God behalwe Hy nie ***(Deut 6:4)***
  - ***Ek glo:*** dat Jesus deur die Heilige Gees verwek is ***(Luk 1:35)***
  - ***Ek glo:*** dat Jesus die Seun van God is ***(Luk 1:35)***
  - ***Ek glo:*** dat Jesus vir ons sondes gely het ***(Jes 53:5)***
  - ***Ek glo:*** dat Jesus gekruisig is ***(Joh 19:18)***
  - ***Ek glo:*** dat Jesus gesterf het aan die kruis, Hy was dood gewees ***(Joh 19:33)***
  - ***Ek glo:*** dat Jesus na drie dae opgestaan het uit die dood uit. ***(Luk 24:6-7)***
  - ***Ek glo***: dat Jesus opgevaar het hemel toe ***(Luk 24:51)***
  - ***Ek glo***: dat Jesus nou aan God se regterhand sit waar Hy vir ons pleit ***(Rom 8:34)***
  - ***Ek glo***: dat Jesus die ENIGSTE weg/manier is om by God/die hemel uit te kom ***(Joh 14:6)***
  - ***Ek glo***: dat Jesus my sondes vergewe as ek om vergifnis vra ***(1 Joh 1:9)***
  - ***Ek glo***: dat God die Heilige Gees gestuur het om ons te kom leer ***(Joh 14:26)***
  - ***Ek glo*****:** dat die Bybel woorde is wat God self vir mense gesê het om te skryf. Dit leer my hoe om te leef ***(2 Tim 3:16)***
  - ***Ek glo:*** aan die opstanding van die dode ***(1 Kor 15:12)***
  - ***Ek glo***: aan die ewige lewe ***(1 Joh 2:25)***

## 3. AKTIWITEIT: “Promote” jou geloof

- Ons gaan dit wat ons glo vanaand bietjie prakties maak en dit amper ‘oefen’

- Ek wil hê ons moet vanaand bietjie prakties en kreatief raak.

- Kom ons speel gou ‘n “what-if” speletjie – “what if” jy en jou vriend hierdie ‘cool’ band begin, julle is REGTIG goed, maar niemand weet eintlik van julle nie – HOE gaan julle vir mense van julle laat weet – dink bietjie – Facebook / Instagram / You Tube / plakkate / pamflette / advertensie / rap / liedjie / gedig ens.

- Nou ons gaan vanaand ons geloof ‘promote’ – bekendstel aan die wêreld – so die eerste ding wat ons nodig het is die **WAARHEID** oor ons geloof – elke groep het ‘n blaai met dit wat ons glo op (inligting soos hierbo).

- Nou moet julle hierdie inligting gebruik en op ***TWEE*** kreatiewe maniere gebruik bv ‘n You Tube video EN iets vir Instagram.

- Julle kan bevoorbeeld ‘n You Tube video beplan en met iemand se foon maak – die ***VOORWAARDE*** is dat dit ***KREATIEF*** moet wees en die ***FEITE/WAARHEID*** oor ons geloof moet hê en ALMAL moet deelneem.

- Julle kan iets vir Facebook of Instagram maak of wat julle ookal wil onthou net: ***VOORWAARDE*** is dat dit ***KREATIEF*** moet wees en die ***FEITE/WAARHEID*** oor ons geloof moet hê en ALMAL moet deelneem.

- As daar ander kreatiewe goed is wat julle wil doen kan julle dit ook doen – hierdie is net ‘n paar idees.

- Slegs EEN persoon gaan sy/haar foon by hulle hou vir foto’s of video’s so julle moet besluit wie se foon is die beste daarvoor.

- Wanneer almal klaar is gaan elke groep met die res deel wat julle gedoen het.

## 4. SLUIT AF MET GEBED EN GEE SELFONE TERUG